41/86

| | |
|---|---|
| CHRISTIAAN OKTOBER | 1 ste Appellant |
| FAKIR VAN DER WESTHUIZEN | 2 de Appellant |
| ABDULLA SATARIEN | 3 de Appellant |
| PIETER HERMANUS | 4 de Appellant |

en

| | |
|---|---|
| DIE STAAT | Respondent |

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| CHRISTIAAN OKTOBER | 1ste Appellant (no 1 beskuldigde) |
| FAKIR VAN DER WESTUIZEN | 2de Appellant (no 4 beskuldigde) |
| ABDULLA SATARIEN | 3de Appellant (no 3 beskuldigde) |
| PIETER HERMANUS | 4de Appellant (no 2 beskuldigde) |

en

| | |
|---|---|
| DIE STAAT | Respondent |

Coram: Joubert, Trengove et Boshoff, ARR

Verhoor: 11 Maart 1986

Gelewer: 27 Maart 1986

---

U I T S P R A A K

BOSHOFF AR:

Die vier appellante Christiaan Oktober,

Pieter......./2

Pieter Hermanus, Abdulla Satarien en Fakey van der Westhuizen onderskeidelik nommers 1,2,3 en 4 beskuldigdes in die verhoorhof, is in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling deur Baker R en twee assessore aan die moord op Herman Hendricks skuldig bevind. In die geval van no 1 beskuldigde het die verhoorhof geen versagtende omstandighede gevind nie en die doodstraf opgelê. In die geval van die ander beskuldigdes is versagtende omstandighede gevind en hulle is onderskeidelik gevonnis tot 15, 7 en 17 jaar gevangenisstraf.

Die verweer van elk van die beskuldigdes was 'n alibi. Nadat die verwere verwerp is en die saak

afgehandel is het nos 1, 3 en 4 beskuldigdes aansoek gedoen om verlof om te appelleer en ook om verlof om verdere getuienis te lei insluitende die getuienis van no 2 beskuldigde wat toe 'n beëdigde verklaring gemaak het dat hy wel op die toneel van die moord was. Die verhoorhof het die aansoek om verdere getuienis te lei toegestaan en die getuienis van no 2 beskuldigde, Johan Steenberg, Abie Hofman, Anthony Breda en Alfred Pietersen is toe gelei om te toon dat hulle by die moord betrokke was en nie nos 1, 3 en 4 beskuldigdes nie. Na die getuienis gelei is het die verhoorhof die aansoek om verlof om te appelleer geweier.

Die vier beskuldigdes het daarna 'n versoekskrif

aan die Hoofregter gerig en nos 1, 3 en 4 is toegelaat om teen hulle skuldigbevindings en vonnisse te appelleer en no 2 beskuldigde is toegelaat om teen sy vonnis te appelleer.

Die omstandighede waaronder Herman Hendricks, hierna die oorledene genoem, vermoor is, is feitlik gemene saak. Sover dit nos 1, 3 en 4 beskuldigdes betref gaan die appèl slegs oor die identiteit van die oorledene se moordenaars. Namens hulle is betoog dat die staat nie bewys het dat hulle enigsins by die moord betrokke was nie.

Voordat na die getuienis van die individuele

getuies......../5

getuies gekyk word, is dit nodig om eers te verwys na die agtergrond van die saak en die omstandighede wat gelei het tot die pleeg van die moord.

Die kleurlingdorp Roodewal by Worcester word geteister deur twee jeugbendes bekend as die Born Free Kids (BFK) en die Cape Town Scorpions (CTS). Elkeen van hierdie twee bendes het sy territoriale gebied en lede van die een bende durf hom nie in die gebied van die ander bende waag nie. Die haat en vyandigheid teenoor mekaar is fel en daar word gereeld aanrandings op mekaar gepleeg. Selfs hulle ouers moet dit ontgeld. Hulle huise word aangeval en met klippe bestook. Die oor en weer bakleiery is soms so hewig dat lewens

verloor....../6

verloor word. Dit word ook nie geduld dat lede van een bende oorstap na die ander bende toe nie; met hulle moet afgereken word. Hulle word selfs met die dood gedreig. Dit gebeur soms dat lede van 'n bende uit 'n gebied moet verhuis omdat dit vir hulle te gevaarlik is om te naby aan die gebied waar die invloed van die ander bende geld, te woon.

Die vier beskuldigdes is almal lede van die CTS. No 1 beskuldigde was 'n lid van die BFK en het in 1981 'n lid van die CTS geword met die gevolg dat die lede van die BFK gedreig het om sy lewe te neem.

Op Saterdag 4 Desember 1982 het lede van die

BFK vir Grate Fielies, 'n lid van die CTS, doodgekap. Op Woensdag 8 Desember met sy begrafnis het 'n aantal CTS lede 'n besluit geneem om wraak te neem en dit ook aan die BFK te doen.

Die lede van die CTS weet waar die lede van die BFK gewoonlik in hulle eie gebied bymekaar kom. Een van hierdie plekke is op die hoek van Marais- en Daniëlstraat. Die oorledene, 'n 16 jarige, is nie 'n lid van enige bende nie maar is gewoonlik daar naby die plek waar die BFK lede bymekaar kom. Daardie Woensdag tussen 21h00 en 22h00 het 'n groepie lede van die BFK, wat die staatsgetuies ingesluit het, saam met die oorledene op die hoek van Marais- en Daniëlstraat

gesit....../8

gesit en dagga rook en na die musiek van 'n bandspeler geluister toe 'n groepie lede van die CTS skielik daar op hulle afgestorm het. Hulle was swaar gewapen; een van hulle het 'n panga gehad. Die lede van die BFK het opgespring en gevlug maar die oorledene was te stadig en het in die slag gebly. Hy is deur 'n paar lede van die CTS vermoor. Die distriksgeneesheer wat die regsgeneeskundige lykskouing waargeneem het, het bevind dat baie ernstige geweld gebruik is om die ernstige beserings op die oorledene se liggaam te veroorsaak. Hy het na die liggaam verwys as 'n erg vernielde liggaam. Die oorsaak van dood was veelvuldige beserings met uitgebreide breinbeserings en subdurale bloeding. Volgens

die distriksgeneesheer is die lang snywonde by sommige met onderliggende frakture waarskynlik deur 'n swaar voorwerp met 'n skerp rand veroorsaak. Daar is ook wonde wat met 'n stomp voorwerp soos 'n stok of piksteel veroorsaak kon gewees het. Verder is daar ook wonde wat met 'n swaar skerp voorwerp veroorsaak kon gewees het. Daar is ook steekwonde aan die liggaam.

Dit is nou nodig om te kyk na die getuienis waarop die staat steun om die vier beskuldigdes te verbind met die pleeg van die moord.

Harry King wat 17 jaar oud is en standerd 3 op skool gehaal het, het getuig dat hy saam met ander

BFK-lede op die hoek van Marais- en Daniëlstraat rondgestaan het en dagga gerook het terwyl hulle na musiek geluister het. Die musiek was ietwat luid met die gevolg dat hulle nie die CTS-lede in Daniëlstraat hoor aankom het nie. Ongeveer 15 CTS-lede het toe op hulle afgestorm met pangas, pikstele, stokke en ander wapens. King en sy maats het gevlug en die oorledene wat 'n klein endjie van hulle naby 'n lamppaal gesit het, het te laat opgespring om weg te kom. Hy het sowat 6 treë gevorder toe hy met 'n klip raakgegooi is en neergeval het. Toe hy val is hy deur die aanvallers aangerand. Dit het tussen twee straatligte gebeur en volgens King kon hy die vier beskuldigdes duidelik in die lig van

die straatligte aan hulle gesigte herken. Hy en sy maats het in Maraisstraat afgehardloop en 'n endjie weg van die oorledene af gestaan en kyk wat met die oorledene gebeur totdat die vier beskuldigdes en die ander CTS-lede weer weg is. King ken die beskuldigdes aan hulle byname, no 1 beskuldigde ken hy as Muskiet en het 4 jaar gelede saam met hom sokker gespeel. Nos 2 en 3 beskuldigdes ken hy onderskeidelik as Myrtle en Abdul en was 5 jaar gelede saam met hulle op skool. No 4 beskuldigde ken hy as Fakey. Fakey het ook sokker gespeel en het soms by King se broer gekuier. Volgens King het no 1 beskuldigde die oorledene met 'n panga geslaan en no 4 beskuldigde het 'n piksteel by hom gehad.

King......./12

King is die enigste staatsgetuie wat no 4 beskuldigde op die toneel plaas. Hy was 'n swak getuie en het homself dikwels weerspreek. Die verhoorregter verwys in sy uitspraak na onbevredigdende aspekte in sy getuienis maar bevind hom andersins 'n betroubare en geloofwaardige getuie. Wat egter van groot belang is, is dat hy op 30 Desember 1982 aan die polisie 'n beëdigde verklaring gemaak het. Die tersaaklike gedeelte van die verklaring lui as volg:-

> "Ek het toe gesien dat daar skielik agt CTS-bendelede op ons afkom. Ek het Muskiet, Abdul, Marthal en Fakey herken. Hulle het pangas, grawe en messe gehad en ons het almal wegge-hardloop toe hulle op ons afstorm.

> Die CTS- bendelede het die oorledene gevang toe hy ook wil weghardloop. Ek het nie gesien wat hulle verder met die oorledene gedoen het nie want ek het weggehardloop. Ek het later teruggegaan toe alles stil was en ek het toe gesien dat die oorledene ernstig aangerand was."

Hierdie verklaring strook nie met wat hy in die hof gesê het hy gesien het nadat hy weggehardloop het nie. Hy meld ook nie die piksteel wat no 4 beskuldigde sou gehad het nie. Toe hy 'n geleentheid gegee is om te verduidelik waarom sy getuienis afwyk van sy verklaring, kon hy eintlik nie 'n verduideliking gee nie.

Daniël Stevens is 17 jaar oud en het standerd 5 gemaak op skool. Sy getuienis strook met die van

King hoedat die CTS-lede op hulle afgestorm het daar waar hulle op die hoek van Marais- en Daniëlstraat was; hoedat hulle self in Maraisstraat af gevlug het en hoedat die oorledene met 'n klip gegooi is en geval het. Hy het vanaf die anderkant van Maraisstraat gestaan en kyk hoedat die oorledene aangerand is. Hy het gesien toe nos 1, 2 en 3 beskuldigdes gevolg deur ander om die hoek in Maraisstraat inkom. No 1 beskuldigde was voor met 'n lang mes wat 'n panga skyn te wees. Hy was gevolg deur no 3 en no 2 beskuldigdes digby hom. Hy het nie opgelet watter soort wapens hulle by hulle gehad het nie.

Hy het gesien dat no 1 beskuldigde die oorledene aanrand met die panga. Hy het ook gesien dat hy aangerand

word met 'n graaf en 'n piksteel maar hy weet nie wie die oorledene daarmee geslaan het nie. Hy ken no 1 beskuldigde as Muskiet en het hom geleer ken toe hy in Rhodestraat gewoon het. Hy het hom vir omtrent drie maande geken. Hy het gesien dat hy die aand 'n maroonsweetpak met geelstrepe langs die kant af aangehad het. Hy ken no 2 beskuldigde as Myrtle. Hy het op een stadium in Whitestraat skuins voor Stevens gewoon. Hy ken no 3 beskuldigde as Abdulla vandat hy in die "flatse" woon. Met die bakleiery tussen die twee bendes het hy hom ook geleer ken.

Volgens die verhoorregter het Stevens 'n goeie indruk op die hof gemaak. Nadat hy na sekere aspekte

van sy getuienis verwys het, het hy afgesluit dat volgens die verhoorhof se mening min kritiek teen hom geopper kan word. "Hy was beslis in sy antwoorde, redelik intelligent en het in geen wesenlike aspek van die saak fouteer nie, in die sin dat hy homself weerspreek het. Ondanks 'n lang en deurtastende kruisondervraging het hy sy storie volgehou. Hy het vir ons geloofwaardig en betroubaar voorgekom."

Dit is namens die beskuldigdes aangevoer dat Stevens getuienis gefabriseer het en dat hy ook leuens vertel het. Die verhoorhof het aandag gegee aan hierdie soort van kritiek teen Stevens se getuienis en bevind dat daar wel sekere botsings was tussen sy getuienis en

die van ander getuies en dat dit eintlik op onbelangrike punte was. Ons is nie bereid om te bevind dat die verhoorhof om hierdie rede Stevens se getuienis moes verwerp het nie.

Willem Snyders is 16 jaar oud. Hy het die CTS-lede gesien toe hulle om die hoek van Maraisstraat in storm. Volgens hom was hulle ongeveer agt persone en het geskree "Up, vang hulle". Hy het nie saam met die ander BFK-lede in Maraisstraat af gevlug nie maar wel in die teenoorgestelde rigting en naby die plek waar oorledene aangerand is, agter 'n boompie op sy hurke gesit en wegkruip. Hy skat die distansie vanaf die plek van aanranding tot waar hy agter die

boompie....../18

boompie was tussen 20 tot 25 treë. Hy kon vandaar af sien wat met die oorledene gebeur. Hy het vir Muskiet, Myrtle en Dulla, d w s nos 1, 2 en 3 beskuldigdes herken onder die CTS-lede. No 1 beskuldigde het 'n panga by hom gehad en die oorledene daarmee geslaan. Die ander het hom ook aangerand maar hy kan nie presies sê waarmee nie. Terwyl die aanranding nog aan die gang was, het no 2 beskuldigde met 'n graaf na Snyders se kant toe gekom. Snyders het toe die veld in gevlug.

Snyders het vir no 1 beskuldigde vir 6 of 7 maande lank geken voor die gebeure die aand. Hy het geweet dat hy voorheen 'n lid van die BFK was en daarna lid van die CTS geword het. Hy het hom ook op 'n vorige

geleentheid gesien toe die CTS-lede by die winkel was en vandaar af na 'n ander plek gegaan het waar hy gesteek is. Snyders weet dat hy links is en het gesien dat hy die oorledene met sy linkerhand kap met die panga. Hy het ook gesien dat no 1 beskuldigde 'n swartsweetpak met geelstrepe aangehad het.

Snyders het vir no 2 beskuldigde geken. Voordat Snyders 'n lid van die BFK geword het, het hy in die L-blok by die "flatse" gewoon en no 2 beskuldigde was toe 'n vriend van Snyders se broer gewees en het hom daar besoek. Dit het gebeur twee of drie jaar voor die voorval die aand. Snyders het 'n goeie geleentheid gehad om hom die aand te herken toe hy Snyders met die

graaf......../20

graaf gejaag het.

Snyders het no 3 beskuldigde ook goed geken. Hy het hom vanaf 1975 of 1976 geken toe Snyders en sy mense by die "flatse" begin woon het. No 3 beskuldigde het baie keer daar saam met hom gespeel. Dit blyk egter nie dat Snyders hom die aand aan sy gesig herken het nie want hy sê dat hy hom aan sy stem herken het toe hy een van die CTS-lede was wat geskree het toe hulle om die hoek aangestorm gekom het.

Sy getuienis is namens die beskuldigdes in hierdie hof aangeval omdat dit na bewering teenstrydig is met die getuienis van die ander getuies en in sekere

opsigte gefabriseerde getuienis is. Daar was inderdaad sekere gedeeltes van sy getuienis wat nie heeltemal ooreenstem met die van die ander staatsgetuies nie. Die verhoorhof was heeltemal bewus van hierdie kritiek teen sy getuienis en het verwys daarna. Volgens die verhoorhof het hy die indruk geskep dat hy taamlik onnosel is maar desondanks 'n samehangende relaas van die gebeure die aand gegee het. Sy beskrywing van die aard van die aanranding het gestrook met die wonde wat op die oorledene gekry is. Die verhoorhof het nie enige waarde geheg aan die kritiek dat hy onder die toestande wat die aand geheers het die broek van no 1 beskuldigde se sweetpak as swart met geel strepe beskryf het terwyl

die ander getuies dit as maroon met geelstrepe beskryf het nie. Die verhoorhof het verwys na die kritiek dat Snyders nie no 3 beskuldigde behoorlik en betroubaar aan sy stem kon herken het nie maar aanvaar dat hy aan die begin van sy getuienis gesê het dat hy vir no 3 beskuldigde daar op die toneel gesien het. Die feit bly egter staan dat Snyders inderdaad in sy getuienis gesê het dat hy no 3 beskuldigde die aand aan sy stem herken het toe dit aan hom gestel is dat hy lanklaas vir no 3 beskuldigde gesien het of iets met hom te doen gehad het.

Abie Steenberg was nie 'n geslaagde getuie nie. Hy ly nie alleen aan 'n spraakgebrek nie maar het ook

moeilik gekommunikeer met die staatsaanklaer en die hof. Baie van sy antwoorde was onhoorbaar en die wat hoorbaar was, het nie gestrook met die verklaring wat hy aan die polisie sou gemaak het nie. Van hom het die verhoorhof gesê dat hy liewer uitgelos kan word. Dit was onseker of hy nie kon praat nie, weens een of ander spraakgebrek en of hy nie wou praat nie weens vrees of wat ook al.

Edlin Titus het ook die CTS-lede om die hoek sien aanstorm en saam met sowat vyf ander BFK-lede in Maraisstraat af gevlug. Hy en van die ander lede het aan die oorkant van Maraisstraat gestaan en kyk wat met oorledene gebeur. Volgens hom was no 1 beskuldigde

heel......./24

heel voor toe die CTS-lede om die hoek kom. Titus was toe al 'n jaar lank 'n lid van die BFK en het geweet dat no 1 beskuldigde voorheen 'n BFK-lid was en dat die BFK-lede hom wou seermaak omdat hy 'n lid van die CTS geword het. Hy het hom ten tye van die moord ongeveer agt maande lank geken. Hy was teenwoordig een aand toe no 1 beskuldigde een van Titus se vriende probeer steek het. Volgens hom het hy gesien dat no 1 beskuldigde 'n maroonsweetpak met geelstrepe aan het. Hy het gesien dat die oorledene met 'n panga en 'n piksteel geslaan word en ook gesteek word. Hy kan egter nie sê wie hom met die piksteel geslaan het nie of wie hom gesteek het nie. Van die vier beskuldigdes het

hy....../25

hy afgesien van no 1 beskuldigde ook vir no 4 beskuldigde geken maar hy sê nie dat hy hom op die toneel gesien het nie.

Namens die beskuldigdes is dieselfde soort kritiek teen sy getuienis gelewer as wat teen die getuienis van die ander staatsgetuies gelewer is. Die verhoorhof was bewus van die kritiek teen Titus se getuienis en het daarmee gehandel in sy uitspraak. Titus het nietemin die verhoorhof beïndruk as 'n intelligente getuie wat 'n samehangende weergawe van die gebeure die betrokke aand gegee het.

Titus was die laaste getuie wat die staat

geroep......./26

geroep het en die staatsaanklaer het toe sy saak gesluit.

Namens no 4 beskuldigde is vir sy ontslag gevra op die grond dat daar geen getuienis voor die hof was dat hy die moord gepleeg het nie en ook dat daar geen getuienis was op grond waarvan 'n redelike man hom sou kon skuldig bevind nie. Die verhoorhof was van oordeel dat daar wel getuienis voor die hof was wat hom verbind het met die moord en die aansoek van die hand gewys.

Nos 1, 2 en 3 beskuldigdes het elk self getuienis afgelê om hulle alibis te steun maar no 4 beskulidgde het sy saak gesluit sonder om self getuienis af te lê.

No 1 beskuldigde wat 19 jaar oud was het getuig dat hy eers in BFK-gebied gewoon het en 'n lid van die BFK was. In 1981 het hy verhuis en lid van die CTS geword. Daarna het die BFK-lede hom as verraaier beskou en vele kere al na hom gesoek om hom dood te maak maar hy was nog altyd te rats vir hulle. Die groot rede waarom hulle hom wil doodmaak is dat hy hulle leiers ken en weet waar hulle altyd wegkruip. Hierdie kennis is gevaarlik vir hulle want hulle weet no 1 beskuldigde kan enige tyd die oorsaak wees dat hulle uitgeroei word. Hy ontken egter dat hy 'n leier onder die CTS is. Volgens hom is Abie Hofman die leier. In vorige sake van aanrandings en saakbeskadiging het die

BFK-lede altyd die skuld op no 1 beskuldigde probeer plaas maar nooit daarin kon slaag nie want hy het altyd losgekom. Die getuies in die onderhawige saak het egter nog nie vantevore teen hom getuienis afgelê nie.

Op Woensdag 8 Desember 1982 was hy saam met sowat 200 ander mense op Grate Fielies se begrafnis. Na die begrafnis was daar ongeveer 20 CTS-lede wat kwaad was oor wat die BFK-lede aan Grate Fielies gedoen het en hulle het toe besluit om sommer dadelik met hulle te gaan baklei. Toe die besluit geneem is was Abie Hofman die leier van die CTS teenwoordig. Daarna het hulle omtrent 20 BFK-lede in Wentzelstraat teëgekom en met hulle baklei. Hulle is deur die BFK-lede

verjaag....../29

verjaag en niemand is beseer nie. Die CTS-lede het besluit dat die BFK-lede te gevaarlik vir hulle was en het toe teruggegaan na hulle eie gebied. No 1 beskuldigde het sy vrymeisie omtrent 18h30 ontmoet en sy en hy het die hele aand daar naby sy woonplek in die straat soos gewoonlik gestaan en gesels tot tussen 22h30 en 23h00. Terwyl hy daar so gestaan en gesels het,het CTS lede daar verby gekom en gesê hulle het 'n BFK-lid doodgekap. Een van hulle was Ivan Claassen, hy het 'n panga by hom gehad. Daar was lede wat 'n piksteel, 'n graaf en dolke gehad het. No 1 beskuldigde was bang dat die BFK sou kom wraakneem en hom daar met sy vrymeisie sou vind en het toe besluit om haar na haar huis te neem.

Hy......./30

Hy het getuig dat hy ŉ swart sweetpak dra met geellyne langs die kant af. Hy het ook ŉ maroon sweetpak met witstrepe langs die kant af maar hy het nie die aand sy sweetpak aangehad nie. Hy ontken dat hy betrokke was by die moord op die oorledene.

Na sy in hegtenisname het hy o a vir no 2 beskuldigde in die gevangenis teëgekom en hom gevra of hy enigiets van die moord op die oorledene weet en hy het ontkennend geantwoord. Dit kan natuurlik nie die waarheid wees nie want no 2 beskuldigde erken nou sy betrokkenheid.

No 1 beskuldigde het erken dat hy ŉ panga

soms......./30(a)

soms gebruik as hy baklei. Hy leen 'n panga altyd by sy vriende. Hy het self nie een nie.

Die verhoorhof het kritiek uitgespreek teen sy getuienis in die algemeen en hom as 'n ontwykende en skelm getuie beskryf. Hy het 'n baie swak indruk op die hof gemaak. Die verhoorhof het hom ook verkwalik dat hy nie sy vrymeisie as getuie geroep het om sy alibi te steun nie. Die verhoorhof was van mening dat die verskoning daarvan nie 'n goeie verskoning was nie.

No 2 beskuldigde, wat toe 18 jaar oud was, het getuig dat hy by die begrafnis van Grate Fielies

was. Na die begrafnis het hy ander klere gaan aantrek en na die winkel gegaan waar hy teen die muur gestaan het om sy tyd te verwyl. Terwyl hy daar gestaan het, het 'n ou vriend van hom, ene Pieter Leenders daar met sy motorkar verby gekom en gevra of hy nie met hom wil saamry na Bredasdorp en daarna na Struisbaai om vis te gaan haal nie. Hy is toe saam en het die volgende oggend eers weer teruggekom na Worcester. Hy het Leenders as getuie geroep om sy alibi te steun. Die alibi is op goeie gronde tereg deur die verhoorhof verwerp want soos reeds gemeld het no 2 beskuldigde na sy skuldigbevinding 'n beëdigde verklaring gemaak en getuienis in die hof afgelê dat hy wel by die moord op die oorledene

aanwesig......./32

aanwesig was. HY appelleer nie teen sy skuldigbevinding nie.

No 3 beskuldigde wat toe 17 jaar oud was en op skool tot standerd 5 gevorder het, het getuig dat hy by die firma Rainbow Chickens gewerk het en op die betrokke dag nie by die begrafnis van Grate Fielies was nie. Toe hy die dag klaar gewerk het, het hy ongeveer 14h45 by die huis aangekom, ander klere aangetrek, gewas en geëet. Vandaar is hy na die O-blok waar hy vir sy vrymeisie gaan kuier het. Om 20h00 het hy teruggekeer huis toe en na ete het hy 'n boek geneem en op die kooi gaan lê en lees. Om 21h02 het 'n televisie-program onder die naam van "Die Smokkelaars" begin en

hy, sy moeder en bure met die van van Pang het saam na die program gekyk. Na die program, ongeveer 21h50, het hy gaan slaap.

Sy moeder Ysa Satarien het getuienis afgelê en sy alibi gesteun. Hulle was noukeurig gekruisvra oor die verskillende televisieprogramme en die verhoorhof het die indruk gevorm dat hulle hulle getuienis vooraf voorberei het. Tog vind die hof dat daar botsings in hulle getuienis was.

Hoe dit ookal sy, dit was nodig vir die verhoorhof om in die lig van al die getuienis te bepaal of daar 'n redelike moontlikheid bestaan het dat die alibi

getuienis...../34

getuienis waar is. As daar so 'n moontlikheid is, is daar dan 'n soortgelyke moontlikheid dat no 3 beskuldigde onskuldig is. (Kyk R v Biya 1952(4) SA 512 A op bladsy 521.) Dit geld natuurlik ook vir die alibi van no 1 beskuldigde.

Op al die getuienis wat voor die verhoorhof en daarna voor die verhoorregter geplaas is, is dit duidelik dat die staatsgetuies dit reg het dat die oorledene met 'n panga, graaf en piksteel geslaan is en ook met 'n mes gesteek is. Trouens die wonde op die oorledene se liggaam het getoon dat sulke wapens gebruik kon gewees het. Die probleem by hierdie soort saak is om vas te stel wat presies gebeur het en wie die wapens op die

oorledene gebruik het. Daar is soveel faktore wat die taak van die verhoorhof bemoeilik om die betroubaarheid en geloofwaardigheid van die getuies te oordeel. Die getuies is almal jeugdiges wat in die loop van die aand dagga gerook het, wat geringe skoolopleiding gehad het, 'n dialek wat neerkom op 'n geradbraakte afrikaans praat en in die meeste gevalle hulle nie behoorlik kan uitdruk nie. Hulle praat dus nie altyd duidelik en akkuraat nie. Dit op sigself gee aanleiding tot vrae wat nie verstaan word nie en weer op hulle beurt tot verdere vrae lei; uiteindelik is dit vir die verhoorhof nodig om die koring van die kaf te skei en ook om betoë aan te hoor van kritiek teen teenstrydige en swak getuienis.

Wat....../36

Wat die posisie nie makliker maak nie is die feit dat hierdie getuies na 'n verloop van ongeveer 9 maande noukeurig moet verslag doen oor wat gebeur het in die nag onder straatligte in omstandighede waar hulle skielik oorval word, daar paniek heers, mense vlug en rond-skarrel, die toneel gedurig verander en skuif, en iemand uiteindelik op 'n gewelddadige wyse vermoor word; om-standighede wat nie juis gunstig of bevorderlik is vir akkurate waarneming nie. Daar is dan nie alleen ruimte vir foutiewe of gebrekkige waarnemeing nie maar ook die versoeking bewustelik of onbewustelik vanweë die vyandig-heid en vooroordeel wat daar heers teen die opposisie bende om van sy lede wat aan die waarnemers bekend is,

uit te ken as persone wat definitief aan die aanval deelgeneem het al bestaan daar nie heeltemal sekerheid daaromtrent nie. Waarteen gewaak moet word is dus die gevaar dat onskuldige bekendes beskuldig word vir dade gepleeg deur onbekendes of persone ten opsigte van wie se identiteit daar geen of nie heeltemal sekerheid is nie. Dit is ŉ wesenlike gevaar omdat dit so maklik kan gebeur.

Afgesien van al hierdie faktore wat betroubare uitkenning kan belemmer of verdag kan maak is daar die ander faktore wat betroubare uitkenning onder normale omstandighede bemoeilik. In die saak van S v Mthetwa 1972(3) SA 766(A) op bladsy 768 A-C word die posisie as volg

opgesom:-

"Because of the fallibility of human observation, evidence of identification is approached by the Courts with some caution. It is not enough for the identifying witness to be honest: the reliability of his observation must also be tested. This depends on various factors, such as lighting, visibility, and eyesight; the proximity of the witness; his opportunity for observation, both as to time and situation; the extent of his prior knowledge of the accused; the mobility of the scene; corroboration; suggestibility; the accused's face, voice, build, gait, and dress; the result of identification parades, if any; and, of course, the evidence by or on behalf of the accused. The list is not exhaustive. These factors, or such of them as are applicable in a particular case, are not individually decisive, but must be weighed

> one against the other, in the light of the totality of the evidence, and the probabilities; see cases such as R v Masemang, 1950(2) SA 488 (AD); R v Dladla and Others, 1962(1) SA 307 (AD) at p. 310C; S v Mehlape, 1963(2) SA 29 (AD)."

Wat no 1 beskuldigde betref is die getuienis baie sterk teen hom. Hy was by die begrafnis van Grate Fielies en het deelgeneem toe die besluit geneem is om weerwraak te neem teen die BFK. Hy is 'n aktiewe en gemerkte CTS-lid en was al verskeie kere in gevegte met die BFK betrokke. Hy het op die staatsgetuienis die voortou geneem met die aanval teen die BFK die aand en het die panga gehad waarmee soveel skade aan die liggaam van die oorledene gedoen is. Hy is uitgeken

deur Stevens, Snyders en Titus. Hulle het hom geken en was betreklik naby hom toe hulle onverwags deur hom en die ander CTS-lede oorval is. Daar was verskillende strydighede in hierdie persone se getuienis maar van die soort wat mens onder die omstandighede wat daardie aand geheers het kan verwag. Die verhoorhof was bewus van die inherente gevare in die getuienis van bendelede en het hulle as betroubare getuies beskou en in die algemeen hulle getuienis aanvaar. King het no 1 beskuldigde ook uitgeken maar dit sou gevaarlik wees om enigsins op sy getuienis te steun veral ten opsigte van uitkenning omdat hy nie as ŉ eerlike getuie gereken kan word nie weens die strydige verklaring wat hy ook onder eed

aan die polisie gemaak het. Wat die uitkenning van die ander beskuldigdes betref sal daar dus nie verder na sy getuienis verwys word nie.

In die lig van die rol wat no 1 beskuldigde die aand gespeel het en die duidelike uitkenning van hom deur persone wat hom geken het en die aand kon gesien het, skyn die kritiek van die verhoorhof van sy alibi getuienis heeltemal gegrond te wees. Hy sou nie die heel aand daar in die straat gestaan het nie as hy saam met die CTS-lede besluit het om weerwraak te gaan neem nie.

Die verhoorhof het dus heeltemal tereg bevind

dat....../42

dat die saak van moord teen hom behoorlik bewys is.

No 3 beskuldigde word feitlik net deur Stevens uitgeken aan sy voorkoms. Volgens hom het hy hom saam met nos 1 en 2 beskuldigdes om die hoek sien kom toe hulle op die BFK afgestorm het. Hy het hom eintlik leer ken met die bakleiery tussen die twee bendes. Hy het nie gesien watter soort wapen hy by hom gehad het nie en ook nie wat hy daar gedoen het nie. Dit moet dus aanvaar word dat hy vir sy uitkenning van no 3 beskuldigde die aand slegs staatmaak op die oomblik wat hy hom om die hoek sien kom het. Dit kan nie gesê word dat hy hom vir 'n genoegsame tyd gesien het om seker te maak dat dit wel hy was nie. Die enigste ander getuie wat hom uitgeken

het is Snyders en hy het hom lanklaas gesien en moes onder ondervraging getuig dat hy hom aan sy stem geken het toe hy saam met ander CTS-lede 'n paar woorde geskree het. Hierdie soort uitkenning is feitlik niks werd nie. Dit is moeilik om te begryp hoe 'n mens 'n stem van 'n persoon sal kan uitken wanneer hy saam met 'n hele paar ander 'n paar woorde uitskree. Dit blyk verder ook nie uit sy getuienis waarom hy sy skree-stem so besonder goed ken nie.

No 3 beskuldigde en sy moeder se getuienis mag vatbaar vir kritiek wees maar ek kry nie die indruk met die lees daarvan dat dit duidelik vals is nie. In die lig van die swak getuienis wat hom op die toneel van

die misdaad plaas kan dit nie gesê word dat sy en sy moeder se alibi-getuienis nie redelik moontlik is nie. Die verhoorhof moes dus bevind het dat die staat nie die saak teen hom bewys het nie.

King was die enigste getuie wat no 4 beskuldigde op die toneel van die misdaad plaas. Aan die einde van die staatsaak was daar dus getuienis teen hom gewees. Toe hy egter sy saak sluit was dit vir die verhoorregter nodig om die meriete van die getuienis teen hom te oorweeg en vas te stel of die staat die saak teen hom bo redelike twyfel bewys het. Soos reeds gemeld was King 'n oneerlike getuie en as enkele getuie teen no 4 beskuldigde was sy getuienis nie genoeg om 'n saak bo redelike twyfel teen

no 4 beskuldigde te bewys nie. Mnr Vivier namens die staat het toegegee dat die saak teen no 4 beskuldigde nie bewys is nie.

Die slotsom dus is dat die appèl teen die skuldigbevinding van no 1 beskuldigde nie kan slaag nie maar die appèl teen die skuldigbevindings van nos 3 en 4 beskuldigdes moet slaag.

Die verdere getuienis wat in verband met die aansoek om verlof om te appelleer voor die verhoorregter geplaas is,was bedoel om te bewys dat no 1, 3 en 4 beskuldigdes nie op die toneel was nie maar wel die nuwe getuies, maar dit kan geen verskil maak aan die

skuldigbevinding...../46

skuldigbevinding van no 1 beskuldigde nie. No 2 beskuldigde het getuig dat slegs ses van hulle, hyself, Alfred Pietersen, John Steenberg, Abie Hofman, Thomas Pietersen en Anthony Breda toevallig op die BFK op die betrokke hoek afgekom het. Hulle het gevlug en hy het net gesien een man lê en dat daar 'n paar om hom staan. Hulle het gekap en gesteek, hy kan nie sê wat daar gebeur het nie. Toe hulle weer by die woonstelle kom toe het hy gesien dat Alfred Pietersen 'n graaf by hom het waaraan daar bloed was. Hy ontken dat Ivan Claassen, wat volgens no 1 beskuldigde by hom en sy vrymeisie met 'n panga sou aangekom het en sou gesê het dat hulle net 'n BFK doodgemaak het, saam met hulle die aand was.

Volgens hom kon dit wat no 1 beskuldigde gesê het, nie gebeur het nie. Onder kruisondervraging het no 2 beskuldigde erken dat die getuienis Van King, Snyders en Titus oor wat die aand op die hoek gebeur het korrek was. Hy het die indruk probeer skep dat die gebeure daar op die hoek niks te doen gehad het met enige wraakneming nie. Trouens hy verklaar gladnie die aanwesighed van enige wapens nie. Hy onthou slegs watter soort wapens die persone vroeër die middag gehad het. Hy het toe ń vastelemmes gehad. Hy beweer ook dat hy nie by was toe besluit is om wraak te neem nie. Dit blyk vals te wees.

Alfred Pietersen, met die bynaam van Levins,

was die Woensdag by die huis waar die lyk van Grate Fielies was. Volgens hom is daar deur die CTS besluit om aan die BFK te doen wat hulle aan die CTS gedoen het. Eers het hy gesê hulle was net ses persone teenwoordig toe die besluit geneem is naamlik no 2 beskuldigde, Anthony Breda, Abie Hofman, Thomas Pietersen, John Steenberg en hyself. Daarna het hy erken dat daar baie meer was en dat no 1 beskuldigde ook teenwoordig was. Hulle het besluit om die BFK in die hande te kry en is toe na hulle gebied. Hy self het 'n graaf gehad, en Abie Hofman het 'n panga gehad. Hy kon nie sê wat die ander gehad het nie. Hy het net gesê dat hulle almal saam was. Hy was nie 'n eerlike getuie nie.

Hy het eers die indruk probeer skep dat hulle op die BFK afgekom het maar nadat 'n verklaring wat hy aan 'n prokureur gemaak het, aan hom gestel is, het hy erken dat die CTS die BFK op die hoek bekruip het. Hy weerspreek die ander getuies wat saam met hom sou gewees het en hulle weerspreek hom oor belangrike aspekte van die gebeure daardie dag.

John Steenberg met die bynaam van Baster, het getuig dat hulle die betrokke aand op pad was na 'n vriend en toevallig op die BFK afgekom het. Hy is gevra of hulle wapens by hulle gehad het. Sy antwoord hierop was: "Ons het nie - ek weet nie, ek kan nou nie sê of almal wapens gehad het nie, maar dit is raadsaam

liewer....../50